

My toekoms in Suid-Afrika: perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug

My future in South Africa: perspectives and expectations of the Afrikaans-speaking youth

GERRIT KAMPER

Departement Opvoedkundestudies
Universiteit van Suid-Afrika
kampegd@unisa.ac.za



MIEMSIE STEYN

Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria
mg.steyn@up.ac.za

Gerrit Kamper

Miemsie Steyn

GD (GERRIT) KAMPER is professor in Onderwysbestuur in die Departement Opvoedkundige Studies aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy professionele loopbaan val in drie tydvakke uiteen, naamlik Duitsonderwyser, navorser aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en universiteitsdosent. Hy fokus tans in sy navorsing enersyds op suksesvolle skole in arm gemeenskappe en andersyds op toekomsverwagtinge onder die jeug van Suid-Afrika. Sy ander spesialisvelde is navorsingmetodologie, taalonderwys en basiese volwassene-onderwys.

DR MG (MIELMSIE) STEYN is 'n dosent van die Fakulteit Opvoedkunde, Departement Sosiale Studies Onderwys aan die Universiteit van Pretoria. Sy het BA(HOD) aan die Universiteit van Pretoria, BEd(cum laude) aan UNISA, MEd in Tertiëre Onderrig(cum laude) aan RAU en DEd in Opvoedkundige Sielkunde aan UNISA behaal. Sy is tans programkoördineerde van Remediërende Onderrig, asook vir die Honneurskursus in Leerondersteuning. Dr Steyn is ook verantwoordelik vir die module "Professionele Etiiek", wat daarop gemik is om aspirantonderwysers voor te berei en toe te rus vir die onderwyspraktyk.

GD (GERRIT) KAMPER is professor in Education Management in the Department of Educational Studies at the University of South Africa. His professional career consists of three stages, namely teacher of German, researcher at the Human Sciences Research Council and university lecturer. Presently his research is focused on successful high poverty schools, as well as the future expectations of the South African youth. His other fields of expertise are research methodology, language teaching and basic adult education and training (ABET).

DR MG (MIELMSIE) STEYN is a lecturer at the Faculty of Education, Department of Social Studies Education at the University of Pretoria. She obtained BA(HED) at the University of Pretoria, BEd(cum laude) at UNISA, MEd in Tertiary Education (cum laude) at RAU and DEd in Educational Psychology at UNISA. She is currently programme coordinator for Remedial Education, as well as the Honours course in Learning Support. Dr Steyn is also responsible for the module "Professional Ethics" which aims at preparing and equipping student teachers for the teaching practice.

ABSTRACT

My future in South Africa: perspectives and expectations of the Afrikaans-speaking youth
The orientation and nature of the future expectations of adolescents is of particular relevance in South Africa due to the extent of social challenges currently experienced. Media reports on crime, corruption, mismanagement, poverty and HIV/AIDS are on the rise and many hold the view that it seems that crime has spiraled beyond control.

The social contexts in which the youth build their dreams and formulate their plans concerning the future are determined by politics and the domestic affairs of the state, such as political order and the efficiency and stability of the state. Larson (2002:16-17) cautions that governmental dysfunction and violent conflict have dire consequences for adolescents and for their preparation toward adulthood. Weak, destabilized and distracted governments are less able to provide a beneficial developmental infrastructure to children and adolescents. This prompted the research question: To what extent does a “beneficial developmental infrastructure” (see above) exist for the South African youth?

It was decided to make use of Afrikaans speaking grade 11 learners as research population for the study. This decision was based on the assumption that a negative future orientation would be strongest amongst the white and coloured Afrikaans-speaking adolescents for the following reasons: (1) The political transformation that took place in South Africa in 1994 had a substantial impact on the white Afrikaans speaking population, in the sense that they had to abdicate political power and became a minority group; (2) There appears to be a pertinent feeling amongst the coloured Afrikaans-speaking population that their situation has not really improved in the new dispensation in South Africa. They experience discrimination re. job opportunities and political opportunities, because they are not really regarded as part of the black population, and due to the perception that they actually received preferential treatment during the apartheid years (Beeld, 2006d). This situation causes considerable bitterness, in the realisation that they have not really advanced from a minority group position.

A qualitative approach was initially followed. Grade 11 learners from a large Afrikaans secondary school were probed on their future expectations. The school is multicultural with coloured and white learners and serves an affluent white community, as well as a coloured community with numerous socio-economic problems. By involving the Afrikaans language teacher, the learners had to write essays of 300 words on the topic: “My future in South Africa”. The essays were analysed to determine the drift of, and themes on, future expectations. Useful data could be gathered and were verified by interviewing a focus group of eight learners, equally representing gender, race and positive/negative views as expressed in the essays.

The themes emerging from the essays were subsequently used to compile a questionnaire for application on a larger scale, involving five secondary schools, of which three were in Pretoria (representing varying socio-economic contexts), one in the Free State province (representing a mining community) and one in a semi-rural area of the Mpumalanga province.

The research departed from the theoretical hypothesis that the extent of social problems (violent crime, corruption and mismanagement) in South Africa would have a decidedly negative impact on the local orientation of the respondents’ future plans, particularly as reflected in the aspiration to emigrate. This hypothesis was falsified. Although the respondents realized the seriousness of inter alia HIV/AIDS, unemployment and violent crime as social problems in South Africa, it became evident that they did not generally view the extent of these problems as cause to get away and seek their future elsewhere.

KEY CONCEPTS: Youth; adolescents; future expectations; social problems; crime; South Africa
TREFWOORDE: Jeug; adolessente; toekomsverwagting; maatskaplike probleme; misdaad; Suid-Afrika.

OPSOMMING

Die vraag na die oriëntasie en aard van toekomsverwagting onder die jeug is besonder aktueel in Suid-Afrika vanweë die omvang van die maatskaplike problematiek wat tans in die land heers. Die media berig met ontstellende daaglikse reëlmaat oor geweldsmisdaad, korruksie, wanbestuur, armoede en HIV/VIGS wat klaarblyklik buite doeltreffende beheer geraak het. Die jeug se persepsies oor hul toekoms in Suid-Afrika kan insiggewende aanduiders wees van (onder andere) die waargenome welstand van die Suid-Afrikaanse samelewing. Heel prakties is die vraag: Hoedanig dra die maatskaplike problematiek in Suid-Afrika by tot 'n "wegkomwens" in die jeug se toekomsverwagtinge? In hierdie artikel word verslag gelewer oor die toekomsperspektiewe van die jeug in die breë Afrikaanssprekende gemeenskap. Die fokus is as geregverdig beskou omdat (a) die Afrikanerbevolkingsgroep spesifiek geraak is deur die politieke transformasie in Suid-Afrika vanweë die verandering in status van maghebbers na minderheidsgroep, en (b) die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap in die nuwe politieke bedeling steeds 'n gemarginaliseerde groep is. Graad 11 leerders het by wyse van 'n fokusgroeponderhoud en 'n daaropvolgende vraelysondersoek aan die navorsing deelgeneem. As vernaamste gevolgtrekking geld dat die respondenten oorwegend positief was oor die verwesenliking van hul toekomsideale in Suid-Afrika.

INLEIDING

Die jeug is sinoniem met toekomsverwagting. As die jeug se toekomsverwagting oor die algemeen gebrekkig of negatief is, is dit 'n aanduiding dat alles nie pluis is in die samelewing nie en dat die waardes en omstandighede in die samelewing krities bevra moet word. 'n Gebrek aan positiewe toekomsverwagting onder die jeug kan simptomaties tot uiting kom in swak akademiese prestasie en a-sosiale problematiek soos aggressie, dwelmmisbruik en misdaad (Finchilecsu & Dawes 2001; Harris, Duncan & Boisjoly 2002).

Die vraag na die oriëntasie en aard van toekomsverwagting onder die jeug is besonder aktueel in Suid-Afrika vanweë die omvang van die maatskaplike problematiek wat tans in die land heers. Die media berig met ontstellende daaglikse reëlmaat oor geweldsmisdaad, korruksie, wanbestuur, armoede en HIV/VIGS wat klaarblyklik buite doeltreffende beheer geraak het. Spesifiek wat die jeug betref, is onlangs berig dat volgens 'n bepaalde ondersoek 40% van Suid-Afrikaanse kinders tussen 12 en 22 jaar al die slagoffers van misdaad of geweld was (*Beeld* 2006a). Smith en Stones (2001:159) wys daarop dat die jeug in Suid-Afrika baie groter uitdagings in die gesig staar as hulle eweknieë in lande waar die samelewing relatief stabiel is. Steingo (2005:195) bevestig hierdie siening wanneer hy opmerk dat armoede- en werkloosheidsfyfers sedert 1994 beduidend gestyg het en steeds styg, dat die gaping tussen ryk en arm toenemend wyer word en dat geweldsmisdaad in Suid-Afrika tussen 1994/5 en 2001/2 met 33% toegeneem het. Kingdon en Knight (2004:198) noem dat die werkloosheidsfer in Suid-Afrika van die hoogste ter wêreld is – 42% in 2003.

Indien in ag geneem word dat die jeug se toekomsbeskouing asook hul ontluikende identiteit beïnvloed word deur hul politieke en ekonomiese omstandighede (Finchilecsu & Dawes 2001:133), moet elkeen wat met die jeug se belang gemoeid is dringend op die vraag ingaan: Hoedanig dra die maatskaplike problematiek in Suid-Afrika by tot 'n "wegkomwens" in die jeug se toekomsverwagtinge? Hierdie vraag dra gewig in etiese, onderwyskundige, politieke en ekonomiese sin. Die jeug se persepsies oor hul toekoms in Suid-Afrika kan insiggewende aanduiders wees van (onder andere) die waargenome welstand van die Suid-Afrikaanse samelewing, die omvang van te wagte breinkwyn uit Suid-Afrika, die stand van lojaliteit jeens Suid-Afrika, die mate van globaliseringsdenke onder die jeug, die mate van materiële toekomsoriëntasie onder die jeug en die interne/eksterne lokus van kontrole in die jeug se toekomsdenke (met besondere verwysing na religieuse geloofsvertroue).

In hierdie artikel word verslag gelewer oor die toekomsperspektiewe van die jeug in die breë Afrikaanssprekende gemeenskap. Die fokus word as geregverdig beskou omdat (a) die Afrikanerbevolkingsgroep spesifiek geraak is deur die politieke transformasie in Suid-Afrika vanweë die verandering in status van maghebbers na minderheidsgroep, en (b) die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap in die nuwe politieke bedeling steeds (en in debatteerbare mate onveranderd) 'n gemarginaliseerde groep is (kyk die heftige "Eskom"-debat wat onlangs in die media ontketen is deur die bevoordeling van 'n swart kandidaat vir 'n bevorderingspos bo 'n bruin en beter gekwalifieerde kandidaat – cf. *Beeld* 2006b).

Hieropvolgend word eers aandag gegee aan die rol van maatskaplike konteks in die toekomsverwagting van die hedendaagse adolessent. Daarna volg die uiteensetting van die metodologie en bevindings van 'n navorsingsprojek onder die Afrikaanssprekende jeug. Die betekenis van die bevindings word vervolgens beredeneer en ten besluite word enkele gevolgtrekkings gemaak.

DIE ROL VAN MAATSKAPLIKE KONTEKS IN DIE TOEKOMSVERWAGTING VAN DIE HEDENDAAGSE ADOLESSENT

Oor adolessensie is daar oor baie jare heen diepgaande navorsing gedoen, veral in die vakterreine van (opvoedkundige) sielkunde, sosiologie en sosio-opvoedkunde. Die bogenoemde fokus van die navorsingsprojek onder die Afrikaanssprekende jeug het van meet af 'n sosiologiese invalshoek veronderstel.

Daar is wesenlik twee prominente sosiologiese modelle wat gebruik word om jongmense se toekomsverwagting te verken, naamlik die ekologiese model en die lewensloopmodel (Crockett & Silbereisen 2000:3). Die ekologiese model kyk veral na die onmiddellike leefwêreld van die adolescent (familie, skool, portuurgroep), terwyl die lewensloopmodel te make het met maatskaplike hindernisse in die weg van adolescentse se potensiaalverwesenliking (Crockett & Silbereisen 2000:3). Vanselfsprekend vul hierdie modelle mekaar aan, maar vir die doeleindes van hierdie navorsing val die klem op die laasgenoemde model.

Baltes, Lindenberger en Staudinger (2006:582) haal verskeie bronne aan wat dit eens is dat die klem in die teorie en navorsing van die lewensloopmodel altyd val op die wins-verlies dinamiek. Suksesvolle of gesonde menslike ontwikkeling word dan gesien as die maksimalisering van winste/geleenthede en die minimalisering van verliese/risiko's. Elder en Shanahan (2006:671) beweer verder dat aanpassings in die sosiale konteks deur adolescentse gemaak word deur selektiewe optimalisering van geleenthede waar winste of geleenthede benut word en risiko's of verliese verminder of vermy word. In die konteks van hierdie studie kan die vertrekpunt van die lewensloopmodel derhalwe geïnterpreteer word dat jongmense die geleenthed om in die buiteland werk te kry en goeie geld te verdien, sal aangryp omdat die sosiale problematiek in Suid-Afrika hulle toekomsverwagtinge strem.

Die volgende teoretiese besinning gaan dus wesenlik oor die breër maatskaplike invloede op die toekoms en toekomsverwagting van die jeug.

Dat die maatskaplike konteks (in terme van makro sosio-ekonomiese, politiese en kulturele faktore) wel die toekomsdenke van die jeug wesenlik beïnvloed, is oortuigend uitgewys in die sogenaamde Euronet ondersoek, waarin die toekomsverwagting van jongmense in 11 verskillende Europese lande ondersoek is (Alsaker & Flammer 1999). Prominente aksentverskille in die toekomsverwagting van Oos-Europese en Wes-Europese jongmense is vasgestel, byvoorbeeld ten opsigte van maatskaplike verantwoordelikhedsgevoel en materialistiese uitkyk (Nurmi, Liiceanu & Liberska 1999:94-95).

Die Euronetprojek, saam met ander grootskaalse internasionale navorsing oor die toekomsverwagting van die jeug (Crockett & Silbereisen 2000; Larson, Bradford Brown & Mortimer 2002), het aangetoon dat daar 'n aantal gemene delers is in moderne jongmense se reaksie op, en interaksie met maatskaplike invloede rakende hulle toekomsverwagting. Alhoewel maatskaplike uitdagings nie direk in hierdie studie aangespreek is nie, is die generiese bevindings insiggewend. Dit het byvoorbeeld geblyk dat jongmense deurgaans 'n gevoel van beheer oor die toekoms het (Grob & Flammer 1999:111) en dat liefde vir die eie sterker is as globaliseringsdenke (alhoewel daar 'n relasie is tussen 'n ongunstige politieke bestel en uitwaartse oriëntasie (Flanagan & Botcheva 1999:141). Materialistiese waardes en aspirasies figureer prominent (Larson 2002:13), maar tog blyk godsdiensoortuigings steeds taamlik standhoudend te wees (Larson 2002:13). Nuanses in hierdie generiese bevindings word vanselfsprekend beïnvloed deur geslag, ouderdom, selfbeeld en persoonlike omstandighede as veranderlikes (Trommsdorff 2000:64).

Aan die ander kant is daar byvoorbeeld bevind dat dogters meer pertinent as seuns droom oor 'n professionele loopbaan (klaarblyklik aansluitend by die feit dat dogters deurgaans beter presteer op skool) (Csikszentmihalyi & Schneider 2000:226); dat tieners namate hulle ouer word meer twyfel en bekommernis oor die toekoms ontwikkel (Csikszentmihalyi & Schneider 2000:62); dat 'n optimistiese lewensuitkyk en positiewe selfbeeld (op grond van wat alreeds bereik is) ook vertroue in die toekoms skep (Csikszentmihalyi & Schneider 2000:221), en dat toekomsideale en die motivering om dit te bereik dikwels sterker is onder tieners uit voorheen minder gegoede en minder ontwikkelde gemeenskappe (Csikszentmihalyi & Schneider 2000:222; Grob & Flammer 1999:111).

Die vraag na die omvang en effek van 'n uitwaartse toekomsoriëntasie onder jongmense wat hulle in erg gedepriveerde maatskaplike omstandighede bevind, is omvattend nagevors deur Elder en Russell (2000). Die bevinding is eintlik te wagte: Jongmense (veral die meer ambisieuses) sal in sulke omstandighede in hulle toekomsverwagtings en -beplanning groener weivelde soek, ondanks familiebande en liefde vir die eie. Alhoewel Elder en Russell (2000) gefokus het op ekonomiese deprivasie, kan hulle bevindings oor uitwaartse oriëntasie toegepas word op ander vorme van maatskaplike problematiek (Elder & Russell 2000:34). Die belangrike punt is dat die omvang en intensiteit van jongmense se uitwaartse toekomsoriëntasie 'n indikator is van (die gebrek aan) samelewingswelsyn.

Die maatskaplike imperatief om in belang van 'n goeie toekoms deeglik na die jeug om te sien, word treffend deur Larson, Wilson en Mortimer (2002:159) verwoord: "The future of societies depends on their success in providing pathways whereby young people develop and prepare themselves to be contributing adults to their communities". Sou hierdie gebaande weë vir die adolescent duidelik, stabiel en aanloklik wees, is die gemeenskap verseker dat die nuwe generasie volwassenes goed voorbereid sal wees vir die taak wat op hulle wag. Maar as hierdie weë onvoorspelbaar, irrelevant en selfs gevaarlik is, wag 'n onseker en onvoorspelbare toekoms op die adolescent (Larson, Wilson & Mortimer 2002:159).

Hierdie outeurs gee dan 'n omvangryke profiel van die moderne adolescent, gebaseer op studies in agt wêreldstreke (Larson, Wilson & Mortimer 2002:159-166). Enkele grepe daaruit, soos van belang vir hierdie navorsing, stel 'n aantal maatskaplike hindernisse vir 'n groot deel van die adolescent op hul weg na volwassenheid in die 21ste eeu, naamlik die globale armoedeproblematiek; ontoereikende en irrelevante onderwysvoorsiening; steeds toenemende werkloosheid; politieke apatie jeens die jeug se welsyn en toekoms, asook onvoldoende toerusting vir inter-etniese kommunikasie in die globaliseringsera. Die noodsaaklikheid van diepgaande navorsing oor die maatskaplike welsyn en ontwikkeling van die jeug word beklemtoon (Larson, Wilson & Mortimer 2002:165).

Dit is aksiomaties dat die maatskaplike konteks waarbinne jongmense hulle toekomsverwagtings

vorm en koester, wesenlik bepaal word deur die politiek en staatshuishouding, dit wil sê, die orde, effektiwiteit en stabilitet van regering. Larson (2002:16-17) voer aan dat swak, gedestabiliseerde regerings nie genoegsaam in staat is om 'n voordeelige ontwikkelingsinfrastruktuur daar te stel vir kinders en jongmense nie. Gevolglik word die adolescent van sy vertroue in die toekoms gestroop. "Governmental dysfunction and violent conflict have dire consequences for adolescents and for their preparation toward adulthood . . . Promoting stable governments and minimizing domains of misrule are vital to the future of adolescents" (Larson 2002:16-17).

Hierdie standpunt weerspieël wesenlik die rasional vir die onderhawige ondersoek. Wat is die jeug (in hierdie geval die Afrikaanssprekende jeug) se persepsie van die omstandighede en staatshuishouding in Suid-Afrika (in terme van die huidige en verwagte stand van dienslewering, wet en orde, loopbaanvoortsigte) *vis-à-vis* die verwesenliking van hulle toekomsideale in Suid-Afrika?

ONTWERP VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Met die voorgenoemde rasional en teoretiese onderbou as basis is 'n empiriese ondersoek gedoen na die Afrikaanssprekende jongmense se perspektiewe en verwagtings rakende hulle toekoms in Suid-Afrika. As uitgangspunt is aanvaar dat die fokus in die empiriese ondersoek op Graad 11 leerders behoort te val aangesien hierdie leerders in hul voorlaaste skooljaar is, en veronderstel kan word dat hulle reeds met toekomsbeplanning gemoeid is. Graad 12 leerders sou sekerlik die ideale respondentegroep wees, maar hul akademiese program is van so 'n aard dat blootstelling aan empiriese navorsing onwenslik is.

Ter wille van terreinverkenning is vir eers 'n kwalitatiewe benadering gevolg. Daar is besluit om Graad 11 leerders van 'n groot Afrikaanse sekondêre skool in Pretoria te pols oor hul toekomsverwagtinge in Suid-Afrika. Die skool bedien 'n welvarende wit gemeenskap tesame met 'n bruin gemeenskap wat gekenmerk word deur wesenlike sosio-ekonomiese probleme.

Die werkwyse was om deur bemiddeling van die Afrikaansonderwyser die leerders te laat opstelle skryf met die tema "My toekoms in Suid-Afrika". Danksy die entoesiasme en ondersteuning van die Afrikaansonderwysers is die opstelle geskryf, met 'n lengtebepaling van ongeveer 300 woorde. Teksanalise is op die opstelle uitgevoer ten einde die strekking van, en temas in die toekomsverwagting van die leerders te bepaal.

Die leerders het opsigtelik moeite gedoen met die opstelle en bruikbare data is versamel. Om die data te verifieer, is 'n fokusgroeponderhoud met agt van die leerders gevoer, geselekteer om 'n balans tussen seuns en dogters, wit en bruin leerders, asook positiewe en negatiewe standpunte soos dit uit hulle opstelle geblyk het, te verkry. Die navorsers se slotsom was dat die fokusgroepbevindings die inhoud van die deelnemers se opstelle (en by implikasie dié van die hele groep opstelskrywers) oortuigend geverifieer het.

In hierdie stadium is daar oorgegaan na 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering. Die opsteltemas is gebruik as basis vir die opstel van 'n vraelys vir toepassing op groter skaal. Daar is geoordeel dat 'n vraelys beter tussen temas sou kon diskrimineer en rangordes sou kon uitlig. 'n Vraelys is gevolglik ontwerp en proefondervindelik toegepas in 'n groot sekondêre skool in Centurion, Pretoria (Skool A) met algeheel wit Afrikaanssprekende leerders uit hoëinkomstegroep-ouerhuise. Hierdie proeflopie was suksesvol en die vraelys is daaropvolgend in nog vier Afrikaanse sekondêre skole toegepas, weereens met Graad 11 leerders as respondentie.

In die keuse van hierdie skole is die aanname gemaak dat ekonomiese en geografiese veranderlikes (sosio-ekonomiese peil, boerdery-omgewing, industriële omgewing) die toekomsverwagting van jongmense mag beïnvloed. Doelmatige steekproef trekking is gevolglik

gebruik en die keuse het geval op 'n sekondêre skool in respektiewelik 'n laerinkomstegebied in Pretoria-Wes (Skool C), 'n plattelandse boerderyomgewing in die Mpumalanga provinsie (Skool D), en 'n myndorp op die Vrystaatse goudvelde (Skool E). Om die perspektiewe van spesifieker bruin leerders te verkry (kyk inleidende opmerkings) is 'n sekondêre skool in Eersterust, Pretoria (Skool B) in die ondersoek betrek. Goeie samewerking is deurgaans verkry en in elk van hierdie skole het die universum van graad 11 leerders die vraelyste voltooi, in totaal 608 respondentes.

Alhoewel die navorsing tot dusver nie in die kader van 'n grootskaalse ondersoek val nie, en die navorsingsresultate sekerlik nie as die spreekwoordelike laaste woord beskou kan word nie, is die navorsingsbevindings betekenisvol, soos blyk uit die volgende toelighting.

KWALITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGS

Opstelle

Deur bemiddeling van die Afrikaansonderwyser van die skool wat in die terreinverkenning gebruik is, is 65 opstelle met die tema "My toekoms in Suid-Afrika" van Graad 11 leerders ontvang. Van hierdie leerders was 36 dogters (22 wit en 14 bruin) en 29 seuns (14 bruin en 15 wit). Met hierdie leerdersamestelling kon die opstelle 'n gebalanseerde beeld van toekomsverwagtinge gee.

Teksanalise is op die opstelle uitgevoer ten einde die strekking van, en temas in die toekomsverwagting van die leerders te bepaal. Die eerste insiggewende bevinding was dat opstelle met 'n negatiewe strekking in die minderheid was. Van die seuns se opstelle was 13 (nege wit en vier bruin – 45 %) pertinent negatief oor toekomsvooruitsigte in Suid-Afrika. Die dogters se opstelle was verhoudingsgewys minder negatief: 12 opstelle (twee bruin en 10 wit - 33%) het 'n pertinent negatiewe strekking gehad. Dit het wel opgeval dat die negatiewe strekking meer prominent onder wit leerlinge was.

Wat die inhoud betref, het opstelle met 'n positiewe strekking merendeels beklemtoon dat dit in elke individu se vermoë is om met harde werk en 'n positiewe gesindheid 'n toekoms in Suid-Afrika te hê, ondanks die misdaad- en ander probleme wat wel bestaan. Die volgende aanhaling dien as voorbeeld: *So, natuurlik is daar vir my 'n bestaanskans in Suid-Afrika. Ek moet net hard werk en my beste gee in alles wat ek aanpak, want niks in die lewe kom maklik of verniet nie, en as jy in jouself glo, kan jy enige doel bereik.* Heelwat opstelle het ook beklemtoon dat 'n mens se lewe in die Here se hand is, en dat Hy sal sorg. Die opstelle het nie 'n oorwegende uitwaartse oriëntasie (as wens om te emigreer) aangedui nie, maar baie leerders het wel die wens uitgespreek om vir 'n korter of langer tydperk oorsee te gaan ter wille van avontuur, studies of werksgleenthede.

Aan die negatiewe kant is veral regstellende aksie, misdaad en wanbestuur genoem. Die volgende aanhaling dien as voorbeeld: *Maar deesdae is die beter uitweg om oorsee te gaan want die swart bemagtiging vat die werk van die wit gekwalifiseerde mense. Om werk in SA te kry is amper onmoontlik.* Insiggewend was dat sommige bruin leerders hulself ook as slagoffers van regstellende aksie beskou het.

Samevattend: Die opstelle het die indruk gelaat dat die leerders werklik betrokke gevoel het by die onderwerp en moeite met die opstelle gedoen het. In die lig van die vlakke van korrumptie, wanbestuur en geweldsmisdaad in Suid-Afrika (soos daagliks vermeld in die media) was die oorwegend positiewe strekking van die opstelle verrassend.

Fokusgroeponderhoud

Die agt deelnemers het eers beurtelings gestel wat hulle onderskeidelik as die grootste pluspunt van Suid-Afrika, en grootste probleem in Suid-Afrika beskou. Daarna het 'n oop bespreking gevolg

met as rigsnoer die vraag: Wat behoort dringend in Suid-Afrika te verbeter? Opsommend het die deelnemers beurtelings 'n vooruitskouing gegee van waar hulle hulself oor 10 jaar sien. Die deelnemers was ontspanne en vriendelik en het vrymoedig hulle standpunte gestel.

In die bespreking is bandelose misdaad en die flagrante gebrek aan doeltreffende afskrikmiddels as die enkele grootste probleme gestel. Hiermee saam is ook melding gemaak van die omvangryke voorkoms van korruksie. Die noodsaaklikheid van streng wetstoepassing is beklemtoon, maar die groep het nie konsensus bereik oor die herinstelling van die doodstraf nie. Ander bekommernisse gaan oor werkgeleenthede, regstellende aksie, en rasse-vooroordeel wat steeds bestaan. Die punt is gestel dat laasgenoemde uit die ouerhuse kom, en dat dit nog "20 jaar" sal duur voordat rassevooroordeel in Suid-Afrika die wyk geneem het. Aansluitend hierby is genoem dat ouers 'n wesenlike invloed op die aard en strekking van hul kinders se toekomsverwagting het. Insiggewend is die feit dat sommige bruin leerders van mening was dat die bruin bevolkingsgroep steeds gemarginaliseerd is. Suid-Afrika se (verskeidenheid in) mense, en die natuurskoon en klimaat is as die grootste pluspunte gestel. Suid-Afrika se mense kan die land ten goede laat verander. Daar is daarop gewys dat ander plekke in die wêreld ook gevaaarlik is. Sewe van die agt deelnemers het 'n konkrete, positiewe voorstelling van waar hulle hulself oor 10 jaar sien.

Die groepsentiment kan moontlik die beste opgesom word as "gekwalifiseerde" of "voorwaardelike" optimisme en patriotisme – 'n wag-en-sien houding, wat sal bepaal of die toekoms plaaslik of oorsee lê. Twee van die agt deelnemers was vas van plan om hulle toekoms buite Suid-Afrika te soek. Ander waarnemings was dat daar geen teken van enige wrywing tussen wit en bruin leerders te bespeur was nie (eerder die teendeel), en dat heelwat deelnemers eksplisiet of implisiet die rol van geloofsoortuigings en die Bybel as rigsnoer gestel het.

Die navorsers se slotsom was dat die fokusgroepbevindings die inhoud van die deelnemers se opstelle (en by implikasie dié van die hele groep opstelskrywers) oortuigend geverifieer het.

KWANTITATIEWE NAVORSINGSBEVINDINGS

'n Kort, optimaal respondentvriendelike vraelys is ontwikkel. Dit versamel inligting oor die volgende: ouderdom, geslag, kerkbesoek, selfbeeld, toekomsplanne na skool (plaaslik en/of oorsee), hoofrede om Suid-Afrika tydelik of permanent te verlaat (indien van toepassing), Suid-Afrika se grootste voordeel, Suid-Afrika se grootse probleem, standpuntkeuse oor toekoms in Suid-Afrika, aard van tuisgesprekke oor Suid-Afrika, aard van skoolgesprekke oor Suid-Afrika, en frekwensie van koerant lees. Die vraelys is afgesluit met 'n oop vraag waarin die respondent kon skets hoe en waar hulle hulself oor tien jaar verder sien. Die inhoudsgeldigheid van die vraelys is verseker deur die noue aansluiting daarvan by die bevindings van die voorafgaande opstelteksanalise en fokusgroep-onderhoude.

Hieropvolgend word 'n beknopte oorsig oor die data gegee, met (waar toepaslik) verwysing na data-variasies volgens die veranderlikes geslag en skool. Statistiese analyses is gedoen om betekenisvolle verwantskappe tussen veranderlikes te identifiseer en die resultate daarvan word, waar toepaslik, as chi-kwadraattellings gegee met 'n waarskynlikheidstelling van ($p = < .05$) as aanduidend van 'n betekenisvolle verwantskap.

Ter wille van ruimte is daar oor heelwat van die response woordeliks verslag gedoen. Kerngegewens word in tabelle aangetoon.

Biografiese inligting (ouderdom, geslag, kerkbesoek, selfbeeld)

Soos te wagte, was die respondentte oorwegend, naamlik 74.9%, in die ouerdomsgroep 16-17 jaar. Aansienlik meer dogters, naamlik 57.4%, het aan die ondersoek deelgeneem.

Die item oor kerkbesoek (wat daarop gemik was om 'n idee te kry van die rol van waardes – hier religieuse waardes) het laat blyk dat 59.4% van die respondenten sover moontlik elke Sondag kerk toe gaan, met 'n verdere 18.4 % wat wel twee keer per maand in die kerk is. Slegs 10.5 % het aangedui dat hulle nooit of baie selde kerk toe gaan, met 'n verdere 11.7 % waarvan die kerkbesoek ongerekeld is. Die kerkbesoekfrekwensies word samevattend in Tabel 1 aangetoon. In die geval van die sekondêre skool in Pretoria-Wes (Skool C) is 'n beduidend hoër persentasie van swak kerkbesoek (39.8%) gemeld. Die verband tussen kerkbesoek en skool is ook statisties as beduidend bevind ($p = <.0001$), aanduidend van minder kerkbesoek in laerinkomstegebiede.

TABEL1: Kerkbesoek

KERKBESOEK	Skool A		Skool B		Skool C		Skool D		Skool E		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Elke Sondag – twee keer per maand	105	87.5	77	73.3	59	60.2	81	75.7	151	84.8	473	77.8
Ongereeld – selde/nooit	15	12.5	28	26.7	39	39.8	26	24.3	27	15.2	135	22.2
Totaal	120	100	105	100	98	100	107	100	178	100	608	100

As respons op 'n latere vraelysitem het 96.3% respondenten aangedui dat hulle in die besikking van God in hul lewe glo. Die response op die selfbeelditem het deurgaans 'n sterk positiewe lewenshouding openbaar, met 86.9% wat byvoorbeeld aandui dat hulle gelukkig is en 96.4% wat uitsien na die toekoms. Tog het 63.3% van die respondenten wel laat blyk dat hulle (vanweë ongespesifiseerde redes) tog wel dikwels bekommernis is. Statisties is 'n betekenisvolle verwantskap gevind tussen geslag en bekommernis ($p = .0405$), met dogters wat verhoudingsgewys groter bekommernis ervaar.

Toekomsplanne (studies en loopbaan)

Die rasionaliteit vir die items oor toekomsplanne was wesenlik om die lokaliteit van die toekomsplanne te bepaal: Suid-Afrika en/of oorsee? Volgens die ingewonne data is die toekomslokaliteit oorwegend in Suid-Afrika, met slegs 9.7% van die respondenten wat graag permanent oorsee wil gaan werk. Sewe en twintig persent (27%) sou graag oorsee wil gaan werk, maar later terugkom na Suid-Afrika. Wat die onmiddellike toekoms betref, wil die verhoudingsgewys grootste persentasie respondenten, naamlik 42.1%, dadelik studeer in Suid-Afrika. Die respondenten is ook gevra om die hoofrede te gee as hulle Suid-Afrika permanent of tydelik sou verlaat. Hier het 71.6% van die respondenten finansiële en loopbaanredes genoem en het slegs 7.9% aangedui dat hulle dit sou doen om onbekommernis in 'n veilige omgewing te kan woon. In die geval van die bruin respondenten (Skool B) was hierdie persentasie nog laer, naamlik 3.8%.

Suid-Afrika se grootste voordeel en grootste probleem

As Suid-Afrika se grootste voordeel het 38.8% van die respondenten die land se natuurskoon genoem. Soos verder blyk uit Tabel 2 het ander opsies beduidend laer persentasies opgelewer, soos sportprestasies (13.5%), menseverhoudinge (10%), vryheid van spraak (9.6%) en ekonomiese

vooruitsigte (7.9%). 'n Statisties beduidende verband tussen skool en genoemde voordeel ($p = <.0001$) is vasgestel. In die gevalle van Skool B en Skool C is werkgeleenthede en sportprestasies onderskeidelik as Suid-Afrika se grootste voordeel aangedui. Ook wat geslag en genoemde voordeel betref, is 'n statisties beduidende verwantskap ($p = <.0001$) aangetref. Seuns het verhoudingsgewys 'n groter klem geplaas op sport en ekonomiese vooruitsigte as grootste voordele; dogters daarenteen het eerder die klem laat val op menseverhoudinge, vryheid van spraak en menseregte.

TABEL2: Suid-Afrika se grootste voordeel

VOORDEEL	Totaal		Skool A		Skool B		Skool C		Skool D		Skool E	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Ekonomiese vooruitsigte	48	7.9	6	5	17	16.5	8	8.2	1	1	16	9
Natuurskoon	235	38.8	77	64.2	12	11.7	16	16.3	72	67.3	58	32.6
Werksgeleenthede	48	7.9	2	1.7	21	20.4	15	15.3	3	2.8	7	4
Menseverhoudinge	61	10.1	10	8.3	14	13.6	8	8.2	3	2.8	26	14.6
Dienslewering	18	3	1	0.8	4	3.9	6	6.1	0	0	7	3.9
Vryheid van spraak	58	9.6	4	3.3	19	18.5	11	11.2	5	4.7	19	10.7
Menseregte	33	5.5	0	0	11	10.7	4	4.1	2	1.9	16	9
Sportprestasies	82	13.5	15	12.5	5	4.9	27	27.5	16	15	19	10.7
Ander	22	3.6	5	4.2	0	0	2	2	5	4.7	10	5.6
Totaal	608	100	120	100	103	100	98	100	107	100	178	100

Suid-Afrika se grootste probleem

Soos blyk uit Tabel 3 is die volgende in frekwensievolgorde as die land se grootste probleme genoem: HIV/VIGS (20.8%), werkloosheid (17.7%), geweldsmisdaad (15.9%), regstellende aksie (9.9%), korruksie (9.6%) en armoede (6.9%). Daar was merkbare variasies in die response vanuit die verskillende skole. Ook statisties is 'n betekenisvolle verwantskap ($p = <.0001$) tussen skool en genoemde probleem vasgestel. Bruin leerders (Skool B) het 'n veel groter gewig toegeken aan HIV/VIGS as grootste probleem (41.2%). Werkloosheid was ook meer prominent by Skool B (26.5%) en Skool E (21.6%), terwyl regstellende aksie weer meer prominent figureer by Skool A (17.5%) en Skool D (17.8%). Respondente uit Skool A het geweldsmisdaad as grootste probleem uitgesonder. Die verband tussen geslag en genoemde grootste probleem was ook statisties betekenisvol ($p = .0003$). Seuns het 'n verhoudingsgewys groter klem geplaas op regstellende aksie en wanbestuur as landsprobleme.

TABEL 3: Suid-Afrika se grootste probleem

PROBLEEM	Skool A		Skool B		Skool C		Skool D		Skool E		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Armoede	41	6.8	6	5	10	9.8	10	10.2	3	2.8	12	6.7
HIV/VIGS	126	20.6	13	10.8	42	41.2	29	29.6	16	15	26	14.6
Wanbestuur	46	7.6	7	5.8	1	1	2	2	11	10.3	25	14
Rassespanning	39	6.5	13	10.8	1	1	6	6.1	7	6.5	12	6.7
Werkloosheid	107	17.7	16	13.3	27	26.5	15	15.3	11	10.3	38	21.6
Regstellende aksie	60	9.9	21	17.5	0	0	2	2	19	17.8	18	10.1
Geweldsmisdaad	96	15.9	22	18.3	15	14.7	16	16.3	15	14	28	15.7
Korrupsie	58	9.6	12	10	5	4.9	10	10.2	14	13.1	17	9.6
Grondeise	1	0.2	1	0.8	0	0	0	0	0	0	0	0
Ander	31	5.1	9	7.5	1	1	8	8.2	11	10.3	2	1.1
Totaal	605	100	120	100	102	100	98	100	107	100	178	100

Standpunt oor toekoms in Suid-Afrika

Respondente is gevra om aan te dui welke van die volgende standpunte die naaste ooreenkom met hul eie mening:

- My toekoms in Suid-Afrika is blink. Ja, daar is heelwat probleme, maar met harde werk en 'n positiewe gesindheid kan ek my drome laat waar word en kan ek sukses behaal in Suid-Afrika.
- Ek is vol vertroue dat ek wel 'n toekoms in Suid-Afrika het. My lewe is in die hand van die Here en Hy sal my hier in Suid-Afrika plaas waar ek moet wees en vir my sorg.
- Die probleme in Suid-Afrika is van so 'n aard dat ek maar 'n afwagtende houding inneem. As dinge versleg, waai ek. As dinge verbeter, bly ek.
- Die omstandighede in Suid-Afrika is van so 'n aard dat ek die eerste geleentheid om die land te verlaat, sal aangryp. Ek sal egter oorweeg om terug te keer as dinge verbeter.
- Probleme soos armoede, vigs, misdaad en korrupsie sal net nog vererger. Ek sien geen lig vir enige verbetering nie en daarom wil ek die land graag permanent verlaat.
- Nie een van bogenoemde standpunte nie.

Die responsfrekwensies word samevattend in Tabel 4 aangetoon. Die standpuntinname was in beduidende mate (69.3%) wel positief, maar eerder vertrouend (45.0%) as sterk optimisties (24.3%). Die wens om permanent uit die land weg te kom, was aanwesig by minder as 10% van die respondenten en baie laag (1.9%) in die geval van Skool B.

Ooreenkomstig met die bevinding uit die teksanalise van die opstelle, is bevind dat die wegkomwens relatief sterker leef by seuns (10.5%) as by dogters (4.0%). Hierdie tendens is bevestig deur die vasstelling van 'n statisties betekenisvolle verwantskap tussen geslag en standpuntinname ($p = .0074$). Insgeelyks is daar 'n statisties betekenisvolle verwantskap vasgestel tussen kerkbesoek

en standpuntinname ($p = .0078$), met die aanduiding dat min kerkbesoek verband hou met negatiewe standpuntinname, asook tussen koerant lees en standpuntinname ($p = .0137$), met die aanduiding dat dikwels koerant lees verband hou met negatiewe standpuntinname.

TABEL4: Standpunt oor Suid-Afrika

STANDPUNT	Totaal	
	n	%
A. My toekoms in Suid-Afrika is blink. Daar is probleme, maar met harde werk kan ek hier sukses behaal.	148	24.3
B. Ek is vol vertroue dat ek wel 'n toekoms in SA het. My lewe is in die hand van die Here.	274	45
C. Ek wag maar af. As dinge versleg, waai ek. As dinge verbeter, bly ek.	72	11.8
D. Ek sal die eerste geleenthed om die land te verlaat, aangryp maar moontlik terugkeer as dinge verbeter.	58	9.5
E. Ek sien geen lig vir enige verbetering nie en daarom wil ek die land graag permanent verlaat.	41	6.7
Ander	14	2.3
Totaal	608	100

Aard van gesprekke oor toestande in Suid-Afrika

Die responsfrekwensies oor die aard van gesprekke wat tuis en op skool oor Suid-Afrika plaasvind, word in Tabel 5 aangebeeld. Die gewoonlik negatiewe gesprekke vind merendeels tuis plaas, maar as sodanig is die persentasie nie hoog nie (22%). Andersydse is dit duidelik dat 'n sterk deurlopende positiewe aard van gesprekke sowel tuis (7.9%) as op skool (18%) nie prominent is nie. Bykomend kan genoem word dat Skool B se responspersentasie vir die opsie *gewoonlik negatief* ten opsigte van tuisgesprekke verhoudingsgewys heelwat laer was (9.6%), en dié vir seuns (27.2%) ietwat hoër was as vir dogters (18.2%). 'n Statisties betekenisvolle verwantskap is ook vasgestel tussen skool en tuisgesprekke ($p = .0049$), met die aanduiding dat die trant van gesprekke verhoudingsgewys minder negatief is in laerinkomstegebiede, asook tussen geslag en tuisgesprekke ($p = .0082$), met die aanduiding dat seuns 'n verhoudingsgewys hoër mate van negatiewe gesprekke gemeld het.

Koerant lees

Hierdie item is ingesluit in die veronderstelling dat die respondent se toekomsverwagting en die response daaromtrent in hierdie vraelys beduidend berus op media-inligting (veral uit die koerant, eerder as TV-nuusuitsendings wat grotendeels staatsbeheerd is). Die verskillende opsies in hierdie item het die volgende frekwensiepersentasies opgelewer: Die koerant word min of meer daagliks gelees (14.0%), twee tot vier keer per week (20.0%), slegs nou en dan (51.2%), of nooit of uiter-

TABEL 5: Tuis- en skoolgesprekke oor Suid-Afrika

GESPREKSAARD	Tuis		Skool	
	n	%	n	%
Gewoonlik positief	48	7.9	109	18.0
Gewoonlik negatief	133	22.0	51	8.4
Wisselvallig positief/negatief	346	57.2	380	62.6
Nie oor landsake gepraat	76	12.6	67	11.0
Totaal	603	100	607	100

TABEL 6: Koerant lees

KOERANTLEES	Totaal		Skool A		Skool B		Skool C		Skool D		Skool E	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Min of meer daagliks - twee tot vier keer per week	206	34	36	30	43	41.8	10	10.2	28	26.6	89	50
Slegs nou en dan - nooit of uiters selde	400	66	84	70	60	58.3	88	89.8	79	73.8	89	50
Totaal	606	100	120	100	103	100	98	100	107	100	178	100

selde gelees (14.6%). Die frekwensies word samevattend in Tabel 6 aangetoon. Dit val op dat die koerantleesfrekwensie soos gemeld deur Skool C (10.2%) en Skool E (50%) onderskeidelik heelwat laer en hoër as die gemiddelde is. Dit strook met die vasstelling van 'n statisties beduidende verwantskap ($p = <.0001$) tussen skool en koerant lees.

Toekomsideale vir 10 jaar verder

Hierdie was 'n oop vraag en respondenté kon aan hulle toekomsideale vrye teuels gee. Die response is gekategoriseer en daarvolgens het geblyk dat die toekomsideale in hoofsaak gaan om die vooruitsig om suksesvol te wees in die beroep of eie besigheid. Ander ideale wat genoem is, maar in beduidend laer frekwensies, gaan om 'n gelukkige huwelik en gesinslewe, veiligheid, 'n groot inkomste, en die behoefté om iets vir die medemens te beteken. Die laasgenoemde ideaal het verhoudingsgewys die sterkste uit die response van Skool B geblyk. 'n Statisties beduidende verband tussen skool en filantropiese toekomsideale is vasgestel ($p = .0018$), met die aanduiding dat sodanige ideale verhoudingsgewys sterker figureer in laerinkomstegebiede. Insgelyks is 'n statisties beduidende verwantskap tussen geslag en filantropiese toekomsideale vasgestel ($p = <.0001$), met die (nie onverwagse) aanduiding dat seuns verhoudingsgewys minder erg het aan diens aan die medemens.

Die ideaal om permanent oorsee te woon, het (soos in die geval van die geslote vraelysitem) minder as 10% van die genoemde ideale uitgemaak.

SAMEVATTING

Die vraelysdata het onmiskenbaar laat blyk dat die Graad 11 leerders in die ondersoekgroep orwegend

- 'n positiewe lewensingesteldheid het en godsdiens ernstig opneem;
- plaaslik georiënteerd is in hulle toekomsplanne, veral oor die langer termyn;
- sukses-georiënteerd, eerder as sosiaal-maatskaplike (filantropies) georiënteerd is, en loopbaansukses as allesoorheersende toekomsideaal vir tien jaar verder koester;
- geweldsmisdaad, korupsie en wanbestuur ondergeskik stel aan HIV/VIGS as Suid-Afrika se grootste probleem;
- nie huis of by die skool aan negatiewe indoktrinasie jeens Suid-Afrika blootgestel is nie;
- nie ywerige koerantlesers is nie.

Die data het verskeie variasies ten opsigte van die onderskeie skole, sowel as vir seuns en dogters, opgelewer. Dit het byvoorbeeld geblyk dat bruin respondentे verhoudingsgewys meer positief is oor Suid-Afrika as hul wit eweknieë, en dat seuns ietwat meer as dogters geneig is tot negatiwiteit oor Suid-Afrika. Dit het ook geblyk dat waardes, persepsies en standpunte betreffende toekomsvoortsigte in Suid-Afrika wel relatiewe klemverskille openbaar afhangend van geografiese en sosio-ekonomiese posisie. Die breë tendense soos weerspieël in die geheeldata is egter betekenisvol.

GEVOLGTREKKINGS

Die navorsers gee toe dat hulle in hierdie ondersoek by wyse van teoretiese hipotese aangeneem het dat die maatskaplike problematiek (geweldsmisdaad, korupsie, wanbestuur) in Suid-Afrika van so 'n aard is dat die Afrikaanssprekende jeug in beduidende mate 'n "wegkomwens" het betreffende hulle toekoms. As vernaamste gevolgtrekking kan gestel word dat hierdie hipotese nie bevestig is nie. Die respondentе was oorwegend positief oor die verwesenliking van hul toekomsideaal in Suid-Afrika. Die bevindinge toon wesenlike ooreenkoms met die positiewe strekking van bevindinge in die reeds genoemde Euronetprojek (Alsaker & Flammer 1999). Dit strook ook met bevindinge van 'n onlangse ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing getiteld *South African social attitudes: Changing times, diverse voices* waarvolgens (in die breë) 93% van Suid-Afrika se inwoners trots is op hul land, en 83% van inwoners verkies om burgers van dié land te wees, ondanks die feit dat net 49% van die respondentе van opinie was dat hul lewensomstandighede in die volgende vyf jaar sal verbeter (*Beeld* 2006c).

Om op grond van die bevindings te konstateer dat die samelewing in Suid-Afrika basies gesond is, sal 'n mistassing wees. Die respondentе het in beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing met klem en dikwels die misdaad en geweldsituasie as baie problematies uitgesonder. Uit die meeste respondentе se perspektief is dit egter geen rede vir wegkom nie, eerder 'n probleem wat opgelos moet/kan word.

Uit onderwysvoorsieningsoogpunt is die bevindings spesifiek van belang en verblydend: Die Afrikaanssprekende jeug se positiewe lewensingesteldheid, landsliefde, en plaaslik georiënteerde toekomsverwagting is vrugbare teelaarde vir betekenisvolle onderwys.

Oor die geldigheid van die navorsingsbevindings moet in hierdie stadium twee voorbehoude gestel word, naamlik (a) dat die navorsing redelik kleinskaals was, en (b) dat daar vrae kan wees oor die stand van die respondentе se kennis van wat werklik in die land aan die gang is, in die lig van die bevinding oor die nogal teleurstellende frekwensie van koerantlees. Opvolgnavorsing in ander dele van Suid-Afrika is gevolglik noodsaaklik, met inagneming van die veranderlikes geslag en sosio-ekonomiese omstandighede, waarvan die belangrikheid in hierdie ondersoek geblyk het.

Uitbreiding van die navorsing na meer lewenservare deelnemers (soos bv. Afrikaanssprekende derdejaarstudente) is ook gewens.

Ten slotte moet met klem daarop gewys word dat toekomsverwagtingnavorsing herhalend onder die jeug gedoen behoort te word omdat hierdie data van wesenlike belang is vir die volle spektrum van jeugwerk in Suid-Afrika, en kan dien as barometer van waardes en omstandighede in die Suid-Afrikaanse samelewing.

BIBLIOGRAFIE

- Alsaker, F. D. & Flammer, A. (eds.) 1999. *The adolescent experience. European and American adolescents in the 1990s*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Baltes, P.B.; Lindenberger, U. & Staudinger, U.M. 2006. Life span theory in developmental psychology. In Lerner, R. (ed.). *Handbook of Child Psychology*. New Jersey: John Wiley.
- Beeld 2006a. Meer as 4m kinders al misdaadslagoffers. 11-05-2006.
- Beeld 2006b. 'Behandel swart, bruin gelyk' 19-05-2006.
- Beeld 2006c. Suid-Afrikaners is trots op hul land; wil hier woon, vind RGN. 01-05-2006.
- Crockett, L. J. & Silbereisen, R. K. (eds.) 2000. *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Csikszentmihalyi, M. & Schneider, B. 2000. *Becoming adult: How teenagers prepare for the world of work*. New York: Basic Books.
- Elder, G. H. & Russell, S.T. 2000. Surmounting life's disadvantage. In Crockett, L. J. & Silbereisen, R. K. (eds.). *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Elder, G.H. & Shanahan, M.J. 2006. Life course and human development. In Lerner, R. (ed.). *Handbook of Child Psychology*. New Jersey: John Wiley.
- Finchilescu, G. & Dawes, A. (2001). Adolescent's perceptions of the future of South Africa: A 40 year perspective. In Stones, C.R. (Ed.), *Socio-political and psychological perspectives on South Africa*. New York: Nova Science Publishers, Inc.
- Flanagan, C. & Botcheva, L. 1999. Adolescents, preferences for their homelands and other countries. In: Alsaker, F. D. & Flammer, A. (eds.) 1999. *The adolescent experience. European and American adolescents in the 1990s*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Grob, A. & Flammer, A. 1999. Macrosocial context and adolescents' perceived control. In: Alsaker, F. D. & Flammer, A. (eds.) 1999. *The adolescent experience. European and American adolescents in the 1990s*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Harris, K.M., Duncan, G.J., & Boisjoly, J. (2002). Evaluating the role of 'Nothing to lose' attitudes on risky behaviour in adolescence. *Social Forces*, 80(3), 1005-1039.
- Kingdom, G.G. & Knight, J. (2004). Race and the incidence of unemployment in South Africa. *Review of Development Economics*, 8(2): 198-222.
- Larson, R. W. 2002. Globalization, societal change, and new technologies: What they mean for the future of adolescence. In: Larson, R. W.; Bradford, Brown B. & Mortimer, J. T. (eds.). *Adolescents' preparation for the future: perils and promise*. Ann Arbor: Society for Research on Adolescence.
- Larson, R. W.; Bradford, Brown B. & Mortimer, J. T. (eds.). *Adolescents' preparation for the future: perils and promise*. Ann Arbor: Society for Research on Adolescence.
- Larson, R. W.; Wilson, S. & Mortimer, J. T. 2002. Conclusions: Adolescents' preparation for the future. In: Larson R. W.; Bradford Brown B. & Mortimer, J. T. (eds.). *Adolescents' preparation for the future: perils and promise*. Ann Arbor: Society for Research on Adolescence.
- Nurmi, J.; Liiceanu, A. & Liberska, H. 1999. Future-oriented interests. In: Alsaker, F. D. & Flammer, A. (eds.). *The adolescent experience. European and American adolescents in the 1990s*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Smith, T.B. & Stones, C.R. (2001). Perceptions of social change and cross-cultural differences among South African adolescents. In C.R. Stones (Ed.) *Socio-political and psychological perspectives on South Africa*. New York: Nova Science Publishers, Inc.
- Steingo, G. 2005. "A am proud to be a South African because I am South African": reflections on "white pride" in post-apartheid South Africa. *African Identities*, 3(2): 196-210.
- Trommsdorf, G. 2000. Effects of social change on individual development: the role of social and personal factors and the timing of events. In Crockett, L. J. & Silbereisen, R. K. (eds.). *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.